

20 Julie

Skrifgedeelte: Job 40:6-42:6

Fokusgedeelte: Job 42:1-6

Nou het ek U self gesien

Toe die groot onweer verbygegaan het ... in die grootse, onpeilbare stilte daarna ... nadat die Here (die verbondsnaam word weer hier genoem) Job self ontmoet het – dán praat Job. Hy kom tot 'n belydenis wat só oorweldigend is dat jy en ek maar net kan stil word. “Tot nou toe het ek net gehoor wat mense van U sê, maar nou het ek U self gesien...” (42:5). Hoorsê-geloof (OAV) ... of selfsien-geloof?

Deur ouers, opvoeders en ander kerkmense het Job die misterie van God se waarheid gehoor. Wat 'n voorreg was dit nie vir hom nie – soos vir elke verbondsmens vandag ook. Wat 'n genade om as verbondskind groot te word. “Maar een ding het vir Job ontbreek: om deur te dring van die menslike oorlewering na die bron; van die genademiddel na die persoonlike gemeenskap met die God van genade” (Wielenga).

Daarom was Job so ontredder toe die winde van beproewing aan hom begin ruk het. Binne sy oorgelewerde geloofsraamwerk kon hy dit net nie inpas dat dit só sleg moet gaan met 'n regverdige en só goed met goddeloses nie. Hieruit spruit sy titaniese “geveg met God”.

Maar toe hy God uiteindelik in die storm ontmoet ... toe word sy hoorsê-geloof persoonlike kennis van die lewende God wat bokant alle menslike skematjies uitgaan. Het jy en ek al deur God se genade hierdie verdieping ondergaan? “Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar” (Joh 1:18 OAV). Wie dié Seun het, het die lewe... (1 Joh 5:12).

Sing: Psalm 40:8

Dr PP Kruger (Meyerspark)